# Pasiëntinligtingsblad vir ALUMAG D

**SKEDULERINGSTATUS** S2

**ALUMAG D 5 mg/400 mg/200 mg per 5 ml suspensie**

**Disiklomienhidrochloried**

**Gedroogde aluminiumhidroksied**

**Ligte magnesiumoksied**

**Bevat suiker: Sorbitol 910 mg**

**Bevat versoeters: Natriumsiklamaat 30 mg, natriumsakkarien 3,25 mg**

**Lees die hele pamflet sorgvuldig deur, want dit bevat belangrike inligting vir jou**

ALUMAG D is beskikbaar sonder die voorskrif van 'n dokter, sodat jy 'n ligte siekte kan behandel. Jy sal ALUMAG D nogtans met sorg moet gebruik om die beste resultate daarmee te behaal.

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit is moontlik dat jy dit weer sal wil lees.
- Moenie ALUMAG D met enige ander persoon deel nie.
- Vra jou gesondheidsorgverskaffer of apteker as jy nog inligting of raad benodig.

**Wat is in hierdie pamflet**

1. Wat ALUMAG D is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy ALUMAG D neem
3. Hoe om ALUMAG D te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om ALUMAG D te bewaar
6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

## 1. Wat ALUMAG D is en waarvoor dit gebruik word

ALUMAG D behoort tot 'n groep medisyne genaamd suurneutraliseerders met antispasmodika.

ALUMAG D word aangedui as 'n teensuurmiddel.

## 2. Wat jy moet weet voordat jy ALUMAG D neem

**Moenie ALUMAG D neem nie:**

- as jy hipersensitief (allergies) is vir disiklomienhidrochloried, gedroogde aluminiumhidroksied, ligte magnesiumoksied of vir enige van die ander bestanddele van ALUMAG D (gelys in afdeling 6)
- as jy ly aan prostaatvergroting, dermobstruksie of pilorusobstruksie waar dit kan lei tot obstruksie of erge inflammasie van die kolon
- as jy ly aan 'n siektetoestand genaamd myasthenia gravis, wat abnormale swakheid van sekere spiere veroorsaak
- as jy ly aan gloukoom
- as jy ly aan nierversaking
- as jy ly aan 'n urienwegsiekte, tirotoksikose ('n skildkliersiekte) of hartversaking.

Moet nie ALUMAG D aan kinders jonger as twee jaar gee nie.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

Wees versigtig met met ALUMAG D:

- indien jy ly aan siektetoestande wat gekenmerk word deur tagikardie (abnormale vinnige hartslag)
- indien ALUMAG D aan ouer mans gegee word
- indien jou maag nie normaal saamtrek nie of as jy 'n obstruksie in jou maag of derms het
- indien jy 'n breuk het wat gepaard gaan met sooibrand
- indien jy nierprobleme het.

**Ander medisyne en ALUMAG D**

Lig altyd jou gesondheidsorgverskaffer in as jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit in komplementêre of tradisionele medisynes.)

Die gesamentlike gebruik van ALUMAG D met ander medisyne kan die absorpsie van die ander medisyne verlaag of verhoog. ALUMAG D moet ten minste 2 tot 3 uur voor of na 'n ander mondelike medisyne geneem word.

Sê vir jou dokter as jy enige van die volgende neem:

- amantadien, gebruik vir Parkinson se siekte
- antibiotika gebruik vir infeksie, genaamd tetrasikliene
- anticholinergiese medisyne, medisyne wat die aksie van ‘n neurotransmittor, bekend as asetielcholien, blokkeer en sodoende spasmas in die gladde spiere verminder.
- antihistamiene, gebruik om allergieë te behandel
- barbiturate, gebruik vir angstigheid, slapeloosheid en epilepsie
- digoksien, a medisyne wat gebruik word om verskeie hart kondisies te behandel
- medisyne wat vir sekere geestestoestande gebruik word, soos butirofenone, fenotiasiene en trisikliese antidepressante.
- quinidien, gebruik om seker tipes onreëlmatige hartkloppings te behandel
- quinien, gebruik om malaria te behandel
- vitamienes
- warfarin, ‘n medisyne wat die ontwikkeling van bloedklonte voorkom.

**Swangerskap en borsvoeding**

Die veiligheid van ALUMAG D tydens swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.

ALUMAG D bevat bensielalkohol. Raadpleeg jou dokter of apteker as jy swanger is of borsvoed. Die rede hiervoor is dat groot hoeveelhede bensielalkohol in jou liggaam kan opbou en newe-effekte kan veroorsaak (genaamd "metaboliese asidose").

Indien jy swanger is of borsvoed, dink jy is dalk swanger of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat jy ALUMAG D gebruik.

**Bestuur en gebruik van masjinerie**

Aangesien ongunstige reaksies soos moegheid, sedasie, duiseligheid en dowwe sig aangemeld is by pasiënte wat ALUMAG D neem, moet pasiënte nie bestuur, masjinerie gebruik of enige take verrig wat konsentrasie vereis nie, totdat hulle seker is dat ALUMAG D geen nadelige effek het op hulle vermoë om dit te doen nie (kyk "**Moontlike newe-effekte**").

**ALUMAG D bevat nipastat**

ALUMAG D bevat nipastaat en kan allergiese reaksies veroorsaak (moontlik vertraagde) en by uitsondering brongospasma ('n benoude bors met moeilike asemhaling).

**ALUMAG D bevat bensielalkohol.**

ALUMAG D bevat bensielalkohol, 0,03 ml/10 ml, gelykstaande aan 0,3 % *v/v*. Bensielalkohol kan allergiese reaksies veroorsaak.

Bensielalkohol is in verband gebring met 'n risiko vir erge newe-effekte, insluitend asemhalingsprobleme (genaamd "snak-sindroom") by jong kinders. Moet nie langer as 'n week by jong kinders (tussen 2 en 3 jaar oud) gebruik nie, tensy jou dokter of apteker dit aanbeveel.

Vra jou dokter of apteker vir advies as jy 'n lewer- of niersiekte het. Dit is omdat groot hoeveelhede bensielalkohol in jou liggaam kan opbou en newe-effekte kan veroorsaak (genaamd "metaboliese asidose").

**ALUMAG D bevat sorbitol**

ALUMAG D bevat sorbitol 70 % gelykstaande aan 910 mg/10 ml sorbitol. Die additiewe effek van gelyktydig toegediende produkte wat sorbitol (of fruktose) bevat en dieetinname van sorbitol (of fruktose) moet in ag geneem word.

Sorbitol is 'n bron van fruktose. As jou dokter vir jou gesê het dat jy (of jou kind) 'n onverdraagsaamheid het vir sommige suikers of as jy gediagnoseer is met oorerflike fruktose-onverdraagsaamheid (HFI), 'n seldsame genetiese afwyking waarby 'n persoon nie fruktose kan afbreek nie, praat dan met jou dokter voordat jy (of jou kind) die medisyne inneem of ontvang.

Sorbitol kan gastro-intestinale ongemak en 'n ligte lakserende effek veroorsaak.

**ALUMAG D bevat etanol**

ALUMAG D bevat etanol 0,34 % *v/v*. Die hoeveelheid in 10 ml ALUMAG D is gelykstaande aan minder as 0,17 ml bier of 0,43 ml wyn. Die klein hoeveelheid alkohol in ALUMAG D sal geen waarneembare effekte hê nie.

**ALUMAG D bevat natrium**

ALUMAG D bevat minder as 1 mmol natrium (23 mg) per 10 ml, dit wil sê dit is in wese 'natriumvry'.

## 3. Hoe om ALUMAG D te neem

Neem ALUMAG D altyd presies soos beskryf in hierdie inligtingsblad, of soos jou dokter of apteker vir jou gesê het. As jy nie seker is nie, vra jou dokter of apteker.

Die gewone dosis is:

Volwassenes: Twee tot vier medisynemaatlepels (10 - 20 ml) drie tot vier keer daagliks.

Kinders ouer as 2 jaar: Een tot twee medisynemaatlepels (5 - 10 ml) drie tot vier keer daagliks.

Indien jy die indruk kry dat die effek van ALUMAG D te sterk of te swak is, lig jou dokter of apteker in.

**Indien jy meer ALUMAG D geneem het as wat jy moes**

In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien geeneen beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of vergiftigingsentrum.

**Indien jy vergeet om ALUMAG D te neem**

Moenie 'n dubbeldosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

## 4. Moontlike newe-effekte

ALUMAG D kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir ALUMAG D aangemeld is, is by hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan of jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy hierdie medisyne neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende waarneem:

- hipersensitiwiteit (allergie) wat kan voorkom as konjunktivitis of 'n veluitslag
- blosing en droogheid van die vel
- droë mond, dors
- brongospasma ('n benoude bors met moeilike asemhaling)
- asemhalingsprobleme (genaamd "snak-sindroom") by jong kinders
- moegheid, sedasie

- hoofpyn, duiseligheid
- dowwe visie
- tagikardie (vinnige hartslag) met hartkloppings en aritmieë
- lae fosfaatvlakke in die liggaam
- hardlywigheid, diarree, naarheid en braking, maagongemak
- urinêre retensie, urien word alkalies.

Indien jy enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie pamflet vermeld word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

**Aanmelding van newe-effekte**

Indien jy newe-effekte ervaar, praat met jou dokter of apteker. Jy kan ook newe-effekte aanlyn aan SAHPRA rapporteer: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting rakende die veiligheid van ALUMAG D te verskaf.

## 5. Hoe om ALUMAG D te bewaar

Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Bewaar by of benede 25 °C.

Moet nie in 'n badkamer bewaar nie.

Moet nie na die vervaldatum wat op die etiket verskyn gebruik nie.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.

Moet nie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) gooi nie.

## 6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

**Wat ALUMAG D bevat**

Die aktiewe bestanddele in elke 10 ml van die suspensie is disiklomienhidrochloried 5 mg, gedroogde aluminiumhidroksied 400 mg en ligte magnesiumoksied 200 mg.

Die onaktiewe bestanddele is bensielalkohol, chloroform, etanol, metielhidroksieletielsellulose, nipastat, kaneelblaarolie, pepermentolie, gesuiwerde water, natriumsakkarien, silikoon-emulsie, natriumsiklamaat, natriumlourielsulfaat, sorbitol.

Preserveermiddels:

| | |
|---|---|
| Nipastat | 0,2 % *m/v* |
| Chloroform | 0,2 % *v/v* |
| Bensielalkohol | 0,3 % *v/v* |

Bevat suiker: Sorbitol 910 mg

Bevat versoeters: Natriumsiklamaat 30 mg, natriumsakkarien 3,25 mg

**Hoe ALUMAG D lyk en inhoud van die pakkie**

'n Wit homogene suspensie met 'n ligte pepermentsmaak.

Verpak in 200 ml of 350 ml amberkleurige, ronde PET of PVC-bottels en 2,5 L amberkleurige, reghoekige HDPE-bottels.

Nie alle verpakkingsgroottes word noodwendig bemark nie.

**Houer van die registrasiesertifikaat**

Pharmacorp (Pty) Ltd
29 Victoria Link
Route 21 Corporate Park
Irene, 0178,
RSA

**Hierdie pamflet was voorheen hersien in**

08 Augustus 2022

**Registrasienommer**

Z/11.4.2/0021